

Saterdag 21 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 118

Fokusgedeelte: Psalm 118:14

Verwag jou hulp en redding van die regte (E)en!

Psalm 118 is baie bekend om verskeie redes. Na alle waarskynlikheid bevat dit die middelste vers in die Bybel, naamlik vers 8. En buiten dat hierdie vers 8 natuurlik 'n kragtige boodskap bevat, spreek die Psalm ook van soveel meer! Vanaf vers 22 lees ons ook woorde wat as Messiaans beskou word, omdat dit 'n direkte verwysing is na Jesus Christus in die Nuwe Testament (Matt. 21:42; Hand. 4:10, 11; 1 Pet. 2:5, 6).

Presies wat die digter se omstandighede was, is nie seker nie, maar dat hy fisiese bedreiging ervaar het en desnoods in lewensgevaar verkeer het, is baie duidelik. Hy noem sy bedreiging “nasies” en “vyande” wat soos *“bye om hom gepak het, van alle kante af op hom afgestorm het, en deur hulle aanval hom wou platloop en sy ondergang wou bewerk”*. En al sou hy ook op mense kon vertrou (vs 8), selfs hoë mense (vs 9), sou dit hom niks baat nie!

Eintlik maak dit nie saak wie die skrywer is nie, of wat sy omstandighede was nie, want hy het as ware en opregte gelowige sonder twyfel gewet van Wie sy hulp en sy krag werklik vandaan kom. Hy het gewet dat die Here sy toevlug is, hy het onthou dat die Here se liefde geen einde het nie, en hy het ervaar hoe die Here sy lewe bewaar het.

Mag ons verhouding met ons Here Jesus Christus ons geloofsoë so verhelder dat ons sy kragtige dade elke dag in hierdie lewe kan sien en beleef! En mag ons verhouding met Hom ons hoop en die vertrouwe so versterk dat geen uitdaging op aarde vir ons ooit te veel word nie. En mag ons sy nabyheid deur die Heilige Gees so ervaar, dat ons sy liefde, sy redding en sy heerlijkheid kan besing tot in die ewige lewe!

Sing: Psalm 118-1:1

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)